Nuusbrief 5 / 2010 **18 Mei 2010**

Aan lede van die Waterberg Bonsaiklub, vriende en belangstellendes

VORIGE BYEENKOMS (15 Mei 2010)
Ons het gekom en ons het geleer. Die keer nie om ‘n boom te snoei of ‘n styl te skep nie, maar hoe om liggewig rotse en bakke uit polistireenskuim (“Styrofoam”) te skep. In ‘n klub met heelparty mense wat nie meer die groot bakke kan hanteer nie, kan dit nogal ‘n oplossing wees om daardie groter bome nog langer te hou.

Tony en Alison Mortimer van die East Rand Bonsai Kai was ons gaste op 15 Mei en Tony het eers ‘n klompie fotos gewys van potte en rotse wat hy alreeds gemaak het en wat hy nou al .n hele paar jaar gebruik. Van sy bome in die bakke was ook al op van die plaaslike uitstallings en ek is seker baie mense het nie eers besef dat dit nie regte rotse is nie.

Tony het vertel hoe hy sy eie gereedskap (warm draad) maak om die polistireen te sny aangesien dit ‘n groot gemors is as jy dit probeer saag. Die maatskappye wat die produk verkoop gebruik ook ‘n warm draad om die groter blokke te sny. Hy het daarna vir ons gewys hoe om bakke te maak. Die volgende is ‘n paar punte uit sy voorlegging:

- Gebruik hoë digtheid polistireen aangesien dit sterker is.
- ‘n Mengsel van “Base coat adhesive” en sement wat in ‘n 50:50-verhouding gemeng word tot ‘n dikkerige pasta, word in die proses gebruik. Voeg water versigtig by om te meng. Die mengsel moet nie te dun word nie (Soos dik room).
- By die maak van plat bakke word ‘n aantal velle polistireen, afhangende van hoe sterk die bak moet wees, opmekaar geplak met ‘n membraan tussenin. Die lae word nat opmekaar geplak met die Cemcrete – mengsel**.** Die membraan is van geweefde veselglas.
- ‘n Plat bak kan bestaan uit ‘n vel polistireen, laag mengsel, membraan, laag mengsel, polistireen, laag mengsel, membraan en ‘n finale laag van die mengsel. Die basis sal dan ongeveer 25 tot 30mm. Jy kan ‘n rand vir die bak kan maak deur ‘n strook polistireen met die mengsel op die kant van die bak te plak.
- Polistireen moet 10 – 15 mm dik wees.
- Rotse word gemaak uit blokke polistireen of stukke wat opmekaar geplak word met **Polistireen gom.** Vlugtige gomme sal die polistireen oplos.
- Alle skerp hoeke van die polistireen moet afgerond word omdat die sementlagie daaroor baie dunner sal wees as op ‘n plat oppervlakte.
- Rotse kan bygevoeg word in ‘n bak deur stukke polistireen opmekaar te plak en te vorm. Netso kan ‘n bak wat gebreek het weer herstel word deur ‘n stuk aan te plak en af te werk.
- Die sementlaag op die potte moet so 3 - 5mm wees en om dit te kry moet drie of vier lae van die Cemcrete-mengsel oorgeverf word. Na elke laag moet die pot eers droog word voordat ‘n volgende laag opgesit word.
- Alle inhamme en gate moet effens groter wees as wat verlang word – die Cemcrete gaan hulle kleiner maak.
- Om te help met die verharding (“curing”) van die sement lae, kan die bakke natgemaak word. As ‘n laag sement droog geword het, spuit dit weer nat en laat afdroog voordat die volgende laag opgesit word.
- Gate word met ‘n skroewedraaier of ‘n warm draad in die bakke gemaak.
- Nadat al die Cemcrete tot die verlangde dikte aangeverf is en droog geword het, moet die bak gekleur word om soos natuurlike rotse te lyk..
- Daar is verskeie suurbasis produkte wat vir die doel gebruik kan word. Van die groter Hardewarewinkels hou sementkleursels aan en dit kan ook gebruik word. Cemcrete het ‘n reeks suurbasis kleursels, nl Cretestain.

Tony is gevra om ‘n bak te maak wat onlangs op Bonsaibark te sien was. Polistereenkunstenaar wat hy is, het hy hom nie laat afsit nie, sy blok polistireen en warm draad gevat en gewys wat gedoen kan word. Nadat hy die bak uitgesny het tot almal se bevrediging, het hy die eerste laag sement opgesit en aangebied om die pot klaar te maak en tydens die EBS Brat-byeenkoms op 29 Mei vir ons te gee vir die Klub.

Thank you Tony for your visit, a very interesting afternoon in which we learned a lot and thank you for the pot that you donated to the Club. We will certainly use the new knowledge you gave us and one of these days we will see new light weight pots floating around in our area.

LIEF EN LEED
Baie geluk aan die volgende lede wat reeds verjaar het of binnekort verjaar: Ons hoop dat julle ‘n mooi en ‘n geseënde jaar sal hê. Carel van Emmenis - 13 Mei, Martie Kriel – 14 Mei en Willus Knipe – 14 Junie.

UITSTALLING SAAM MET DIE VLAKTE ORGIDEEVERENIGING
Die Waterberg Bonsaiklub en die Vlakte Orgideëvereniging het hul derde gesamentlike uitstalling en skou op Vrydag, 9 en Saterdag, 10 April 2010 in die NG Kerksaal in Mookgophong gehou. Die nuwe venue was ‘n groot sukses.

Ons het vanjaar 302 besoekers gehad. En dertien (13) van die Waterberg Bonsaiklub se lede het 68 bome, 23 aksentplante en ‘n paar ander baie interresante plante, wat ook heelwat belangstelling uitgelok het, uitgestal.

Die besoekers het weer Ian Pringle se *Ficus microcarpa* (Wildevy uit China), as die mooiste boom aangewys met die Kremetart wat Johan Ras 42 jaar gelede van saad gekweek het, in die tweede plek. Baie geluk aan Ian en Johan. Daar is ook besluit om ‘n Voorsittersboom aan te wys en in teenstelling met Ian se bykans sewentig sentimeter hoë wildevy, het Anton Pieterse se 15cm hoë *mame* Koraalboom die toekenning gekry. As gevolg van die groter sorg wat so ‘n klein boompie vereis, is dit amper moeiliker *mame* as ‘n groot boom te kweek. Welgedaan Anton.

NUWE TALENT- KOMPETISIE
Tjaart van der Walt is die eerste lid van die Waterberg Bonsaiklub wat aan die Nuwe Talent-kompetisie gaan deelneem. Sterkte vir jou Tjaart. As Tjaart weens onvoorsiene omstandighede nie die geleentheid kan bywoon nie, sal Anton Pieterse die Klub verteenwoordig.

BEGINNERSKURSUS
Ferdie Bingle en Tjaart du Plessis sal op 22 Mei Charles Ceronio se beginnerskursus bywoon.

SABA – FOTOKOMPETISIES
Alle lede word aangemoedig om deel te neem aan die twee fotokompetisies vir in- en uitheemse bome. Besonderhede is beskikbaar by Hansie.

BIBLIOTEEK
Die biblioteek beskik oor ‘n wye verskeidenheid boeke en tydskrifte waaruit waardevolle inligting bekom kan word en dit is goed om te sien dat ons lede gebruik maak daarvan..

MAANDELIKSE TREKKING / “RAFFLE”
Die maandelikse trekkings gaan voort en die besluit staan nog dat die inkomste hieruit vir die aankoop van biblioteekboeke gebruik word. Alle items is welkom vir die trekking.

TREKKING VIR WILDELAVENTEL / Weeping lavender tree / *Heteropyxis natalensis*
Dereck Veldhuizen het ‘n groot **Wildelaventelboom (*Heteropyxis natalensis*** aan die die Klub geskenk om ten bate van biblioteek te ”raffle”. Lede kan nou reeds begin om kaartjies @ R20.00 stuk te koop. Kaartjies sal ook tydens die Brat–dag op 31 Julie verkoop word en die trekking sal dan daar gedoen word.

WERKSWINKELS
Die werkswinkel word nou vanaf 12:00 gehou voordat die vergadering om 14:00 begin.. Dit gee aan lede die geleentheid om self onder leiding van senior kwekers aan hul bome te werk.

VOORLOPIGE PROGRAM VIR 2010

- **19 Junie** - Wortel-oor-rots-styl / “Root over rock”/ Wurgvy-styl – Jannie Olivier
  - Werkswinkel
- **17 Julie** - Baobab enigma and Baobab style – Ian Pringle
  - Snoei-werkswinkel
- **31 Julie** - Brat-dag:
  - Lede moet help met die werwing van enige items vir die “Raffle”.
  - Borgskappe sal verwelkom word.
  - Die streekskompetisie vir bome in 12 kategorieë sal by die dag gehou word. Dit is ‘n ope-kompetisie waaraan die hele streek se bonsaikwekers sal deelneem. **Lede moet hulle bome ook hiervoor regkry. Vgl lys van kategorieë onder aan die bladsy**.

DATUMS VAN ANDER GEBEURE IN DIE STREEK

- 29 Mei 2010: Brat by EBS
- 31 Julie 2010: Brat by Waterberg Bonsaiklub.

OOMZAN SE WENKE VIR DIE MAAND:

Winter seems to be well on the way so your more tender Bonsai should be given the necessary protection for possible future frost damage. One ‘black frost’, can wipe out years of work, so do be prepared. Clean up your shelves and remove dead leaves and debris. Bugs and other pests thrive in these conditions. The Thrushes have also arrived, so if you wish to keep your moss as ground cover on your Bonsai, try and protect it with shade cloth or some sort of cover.

Tools

In what state are the tools in your Bonsai tool box at the moment? Have you done what you were supposed to, and kept up with the maintenance? With all the wet weather at the end of the year, and what we have experienced this year,
everything is showing signs of rust. As we all know, everything is getting more costly, including Japanese Bonsai tools, so do what is necessary to keep your tools in tip top condition. (Shibui Nuusbrief – April 2010)

Gee asb die nuusbrief ook vir ander lede / belangstellendes wat jy raakloop.

Komiteel / Commitee: Voorsitter: Hansie Bekker – Tel: 014 743 3238 – E-pos: hansieb@lantic.net.
Onder-Voorsitter: Ian Pringle – Tel: 014 736 5682 – E-pos: pikkian@iafrica.com.
Willus Knipe - 014 743 0909 - E-pos: willusknipe@northweb.co.za
Elize Bekker - 014 743 3238 - E-pos: elizeb@lantic.net.

Please bring your trees for the exhibition where 12 trophies will be awarded for the best tree in each category. The delegates will do the voting.
Categories are:

1. Tommy and Anne Flaxman for **Formal and Informal Style**
2. Tommy and Anne Flaxman for **Cascade and Semi Cascade Style**
3. Duncan and Llewellyn Wiles for **Forest and Group Plantings**
4. Tom Timlet for **Literati Style**
5. Secunda Bonsai Kai for **Broom and Flame Style**
6. Calvin and Esme Leader for **Driftwood Style**
7. Charles and Elsie Ceronio for **African Style**
8. Tawny Floating Trophy
9. Pieter Visagie for **Collected Material**
10. Doug Hall for **Beginners**
11. All **other Styles**
12. **Past winners**